Gebed en Lofprys

"LÊ JOU GELOOF AF OF STERF!"

Op `n eensame woestynpad onderweg na `n kerkdiens by `n klooster, is Egiptiese Christengesinne voorgekeer en voor `n keuse gestel: "Lê jul geloof af, of sterf!" Hulle het geweier en die gewapende mans het begin skiet. 29 is dood en 25 gewond.

Soliman Shafik, `n Christen navorser, verduidelik: In talle dorpies in Minya is daar geen kerke nie en Christene moet vir eredienste na kloosters reis. Hierdie dorpies word teelaarde vir ekstremisme.

Meeste nie-Christene is ook ontsteld oor hierdie aanvalle, maar die verhoudings tussen Egipte se verskillende groepe word bedreig – dit lyk asof gevoelens teen Christene besig is om te groei. Frustrasie en vrees is aan die toeneem met die Christene se gevoelens wat verander van woede, tot verskriktheid en `n besef van onveiligheid. Christene vrees dat dieselfde lot op hulle wag as dié van hul medegelowiges in Irak en Sirië, waar Christengemeenskappe geweldig uitgedun is weens oorlog en IS vervolging.

SAT-7 het in `n regstreekse uitsending met die slagoffers se families en ander kundiges gepraat. Tydens die begrafnis van die vermoorde Christene in Minya, was een gelowige se woorde: "Hoekom word ons doodgemaak? Ons haat niemand nie. Ons godsdiens gaan oor liefde!" Baie ander het ook gepraat oor hul pyn en verwarring en die vredeliewendheid van die Christelike geloof beklemtoon.

Gabriel, `n priester van Beni Mazar, sê: **"Ons sal nooit na iets anders as vrede streef nie. Ons het niks anders as vrede nie. Die wêreld is getuie van hoe die Kerk en die Kruis gloei [van liefde]."**

Hierdie Christene bly vasstaan in hul geloof ten spyte van die trauma en bedreiging wat hul ervaar. Soos een opmerk: **"As ons Christene swak is – ons het `n sterk God! As ons swak is, is Hy sterk en beskerm Hy ons."**

- Bid dat God die roepstem van die Egiptiese Christene sal hoor.
- Bid vir SAT-7, vir sensitiwiteit en wysheid om lydende Christene te bemoedig en hul stem hoorbaar te maak.

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 72646
Lynnwoodrif, PRETORIA 0040
southafrica@sat7.org
+27(12)807 2763
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399

Kopiereg © 2017 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org

Gebed en Lofprys

SIMBOLIESE VREDESMARS IN IRAK

Patriarg Louis Sako, die mees senior biskop van die Chaldese Katolieke Kerk, was deel van `n simboliese vredesmars vanaf Erbil in Irakees-Kurdistan, na Alqosh op die Ninevé Vlakte.

Honderd mense het die 100 myl (160 km) pelgrimstog te voet afgelê, deur "spookdorpe", nou bevry van IS-beheer. Hulle wou daarmee getuienis lewer van die hoop dat die stede en dorpe op die Ninevé Vlakte sal herleef. Die tog is afgesluit met `n diens wat deur Christene uit die gebied bygewoon is.

Kyriacos Isho (75) het saam met sy 12 kinders en kleinkinders deelgeneem aan die pelgrimstog en diens. Hy sê: **"As God wil, is die viering van Christus se opstanding ook die teken van die terugkeer en nuwe groei van Christene in Irak."** Ten spyte van neerdrukkende omstandighede, hou Midde-Oosterse gelowiges soos Isho vas aan die Paasbelofte van opstanding en herstel in Christus.

SAT-7 het `n onderhoud uitgesaai met Dr Nadim Nassar, enigste ampsdraer van die Church of England wat in Sirië gebore is. Hy merk op: **"Ten diepste is ons Christene nie mense van die Kruis nie – ons is mense van die Opstanding, mense van die lewe! Christenskap gaan nie net oor lyding nie – dit gaan oor lewe!"**

- Dank God vir die getuienis van Irakese Christene.
- Bid vir SAT-7 se taak om hierdie boodskap van hoop en nuwe lewe in Christus oor te dra.
- Hou aan bid vir vrede, groter stabiliteit en veiligheid vir die mense van Irak.
- Bid vir moed vir ons Christen-broers en –susters om by mekaar te staan in hierdie moeilike tyd, eerder as om te vlug.
- Bid dat terugkerende Christene draers van versoening word. Hulle het God se genade nodig om nie-Christen bure te vergewe en opnuut te vertrou. Hulle voel dalk verraai en in die steek gelaat deur hulle wat agtergebly het terwyl hulle moes vlug (party het selfs hul eiendom oorgeneem).

Gebedsversoeke van Kykers

Terwyl jy die volgende boodskappe lees, bid asb vir die kykers:

**Van `n kyker in Jordanië –** "Bid vir my familie, my susters en hul kinders in Sirië, dat hulle die oorlog oorleef. Ek het reeds meer as `n jaar nie van hulle gehoor nie."

Van `n kyker in Turkye – "Loof God vir diegene wat die Bybel in ons taal vertaal het. Bid vir my en almal by SAT-7 TÜRK wat my in my geloof help groei."

**Van `n kyker in Iran –** "Julle het vir my `n Bybel deur middel van sosiale media gestuur en ek het dit na vyf vriende aangestuur. Twee van hulle het Christus aangeneem. Loof God vir die krag van Sy heilige Woord."

Van `n kyker in Marokko – "Dankie SAT-7 dat julle my help om my denke en lewenswyse te verander. Bid dat andere ook julle boodskap sal oordink en van oortuiging verander."

**Van `n kyker in Iran –** "Ek ervaar baie teenstand in my land. Ek het nie vriende nie en kan nie by `n huiskerk aansluit nie omdat hulle bang is ek is `n spioen. Bid dat ek sal volhard in my geloof."

Van Pedram in Iran – "Gegroet, my broers en susters in die geloof. Dank God vir julle programme wat vir ons tot groot seën is. Ons leer baie uit jul antwoorde op ons vrae. Dankie."

TWEE GELOOFSVERHALE

Jabar se soeke na vryheid

"Afghanistan is nou al jare lank in oorlog. Baie mense sê hierdie oorlog is gelowiges en die Joodse gemeenskap se skuld, daarom word hierdie minderheidsgroepe dikwels vervolg. Ek het altyd gedink om vryheid te hê, moet ek hierdie land verlaat. Eerste is ek Pakistan toe, en dit het nie uitgewerk nie. Toe gaan ek Iran toe, maar dit was baie moeilik. Ek is deur baie swaarkry. Maar nou verstaan ek dit was alles deel van God se plan, al het ek gedink daardie ervarings was verskriklik. Ek verstaan nou dat hierdie swaarkry my gehelp het om te groei in my geloof."

Mehnoush se hunkering na vriendskap

"Ek was `n baie eensame persoon; ek het niemand gehad nie. Tweemaal het ek probeer om Iran se grens onwettig oor te steek. Ek het selfs met my tweejarige kind onderdeur die doringdraad op die grens probeer kruip. Ek is deur so baie swaarkry. In Iran word mens meestal nie goed behandel as Iraneërs agterkom jy is `n Christen nie. Hulle vermy `n mens, en dit maak jou baie moedeloos. En tog, as `n mens jou vertroue in Jesus geplaas het, moet jy vashou aan jou geloof. Nuwe lewe in Christus is nie buite bereik nie."

"Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle `n kort rukkie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word ... [en] dit lof en heerlikheid waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus."

1 Petrus 1: 6-7

Gebedsversoeke van Kykers

Terwyl jy die volgende boodskappe lees, bid asb vir die kykers:

**Van `n kyker in Duitsland –** " `n Man van Afghanistan het sy vrou hier in Duitsland voor haar twee klein kindertjies doodgemaak omdat sy `n Christen is. Bid vir God se vertroosting vir die kinders en redding vir die man."

Van `n kyker in Egipte – "Ons geloof is een van vrede en liefde. Waarom haat mense ons en wil hulle ons doodmaak? Bid dat God ons sal beskerm en nie toelaat dat ons meer aangeval word nie."

Van 'n Farsi-sprekende kyker in VSA – "Tot drie maande gelede het ek my tradisionele gebede gebid maar niks het gebeur nie. Toe het ek begin om in Jesus se Naam te bid en word my gebede beantwoord. Ek is nou `n jong gelowige. Bid dat ek meer sal leer van die Christelike geloof."

**Van `n kyker in Sirië –** "Ons is in die middel van die spervuur. Ons probleme oorweldig ons. Bid dat ons `n manier sal vind om uit die land te kom na `n veilige naburige land."

Van Fardin in Iran – "Ek getuig gereeld teenoor my vriende hoe ek tot geloof gekom het maar het onlangs tot die besef gekom dat dit nie deur my eie toedoen was nie. Christus het in my gewerk en my tot geloof gebring. Hy leef in my: ek was dood maar nou lewe ek."